

# Ben en Bella Spaar

Skrywer: Lúnelle Niebuhr



Ben en Bella is boetie en sussie.
Eendag gee Mamma vir hulle elkeen 'n spaarvark,
om te spaar vir die volgende kersmark.
Bella sê: "Ek gaan my geldjies veilig hou"."
Ben sê: "My varkie eet muntstukke gou"."

Bella gooi haar eerste
munt in die varkie.
Klink klonk!
Ben koop dadelik 'n
roomys. Slurp slonk!

Bella het gou baie meer
geldjies as Ben, dit moet
julle weet,
maar Ben sê met trots:
"Ek het so lekker geëet".





Eendag in die winkel toe besef Bella sy het genoeg gespaar en nou word al haar drome waar. "Kan ek die beertjie kry, asseblief" vra sy. Toe besef Ben, hy kan niks hier kry.

Ben se hartjie is swaar want al sy geldjies is klaar.

Bella sê toe "Jy
kan ook met my
beertjie speel,
of ons kan hom
deel".



Ben antwoord haar:
"Dankie Sussie, maar ek
moet leer om nie my geld
so vining te spandeer".



"Volgende keer spaar ek
saam met jou.
Spaar is slim, dit weet ek
nou!"



Die Einde